

# HEILBRON

# HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# SÊ DANKIE VIR MENEER

Vir die graad eentjies was dit seker een van hulle grootste oomblikke nóg om grootskool toe te gaan en vir ouers natuurlik ook. Op sosiale media word trotse foto's geos van die kroos wat terug hok toe is. Dalk vir sommige ouers ook 'n breek dat alles weer na normaal kan terug keer. Nichleen Welgemoed kry haar welkom tjokkie by mnr. David Knight, waarnemende skoolhoof van Hoërskool Heilbron. Die Departement van onderwys maak die nuwe hoof-aanstelling in April. *Foto erkenning: Tanya van Rooyen.*

**STUDENT DESK**  
**SPECIAL**  
 Herald  
 Office National  
 NOW IN STOCK  
 FOR ONLY  
**R1690**  
 AT YOUR BACK-TO-SCHOOL SUPPLIER  
 T'S AND C'S APPLY

**BKB LOUW**  
 FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING  
 DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE  
 Vir kraalbesprekings en inskrywings  
 skakel Piet Boshoff : 083 210 7135  
 Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071  
 E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za  
 www.bkb.co.za  
 Reg. No: 2005/026173/07  
*Waar sake elke keer,  
 die eerste keer reg gedoen word!*

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R75**

✉ [heilbron@postnet.co.za](mailto:heilbron@postnet.co.za) ☎ 058 853 0006 📞 064 988 6078



# WELKOM BY BRONNIES

Hoërskool Heilbron



ONTMOET VIR...

*Juffrou Marné Bierman*

- Waar het jy studeer?  
*Ek het by Tukkie's studeer.*
- Wat is jou stokperdjie?  
*Lees, staproetes en duik*
- Iets interessant van jou:  
*Ek swem elke jaar die Midmar myl.*



Rek Gr. 10-12 ; Besigheids Gr. 11 ; EBW Gr. 7-9

ONTMOET VIR...

*Meneer Kallie van den Berg*

- Waar het jy studeer?  
*Potchefstroom*
- Wat is jou stokperdjie?  
*Motorfiets en Bonsai bome.*
- Iets interessant van jou:  
*My secret power: I can breathe under water. (Scuba duik)*



RTT Gr. 10-12 ; Kreatiewe Kuns Gr. 6-9

ONTMOET VIR...

*Meneer Lütke van Dorssen*

- Waar het jy studeer?  
*By Tuks en by Pukke*
- Wat is jou stokperdjie?  
*Ek het baie stokperdjies, maar wat uitstaan is 4x4 roetes, jag, visvang, golf en braai.*
- Iets interessant van jou:  
*As ek nie 'n onderwyser was nie sou ek 'n ninja gewees het.*



Fisiese Wet Gr.10 ; NW & Teg Gr. 6-7 ; Teg Gr. 8

ONTMOET VIR...

*Juffrou Maryna Gouws*

- Waar het jy studeer?  
*By NWU Vaaldriehoek.*
- Wat is jou stokperdjie?  
*Lees, ek kyk graag misdoodokumentêre, diereprogramme of films. Ek hou daarvan om nageregte te maak (meestal omdat ek dit dan kan eet).*
- Iets interessant van jou:  
*Ek het drie groot tarantulas as troeteldiere.*



Lewenswetenskappe Gr. 10-12 ; NW & Teg Gr. 4-5

ONTMOET VIR...

*Juffrou Suzilda Muller*

- Waar het jy studeer?  
*Kovsies*
- Wat is jou stokperdjie?  
*Is klere koop 'n stokperdjie?*
- Iets interessant van jou:  
*Jy kan my omkoop met 'n sjokolade.*



Graad 3

# VAALDAM IS PROPVOL



Die vlak van die Vaaldam het gisteroggend (13/01/2022, 07:00) op 102.7% gestaan ten spyte daarvan dat daar oor die feesseisoen reeds 5 sluise oopgemaak is om die watervlak te verlaag. Baie vroeë word uit gemeenskappe

geopper wat besorgd is oor moontlike vloedskade. Besluite rondom vloedbeheer word geneem met die totale sisteem in gedagte. Die vlak en in-en uitvloei word voortdurend gemonitor om moontlike vloedskade stroomaf te vermy.

# BOERE BLY OOR SON



Volgens ons rekords was die 282mm reën wat in Desember gemeet is die tweede hoogste reënval sedert 1930 wat aangeteken was. In 1980 is 310mm gemeet wat 'n rekord reënval aangedui het. Die afgelope week het gesaaides begin vergeel as gevolg van sonskynweer en hulle voete wat in die water staan. Dit was die regte medisyne wat die dokter voorgeskryf het. Die foto bo is geneem met sonopkoms oor die Vaaldam by Peninsula langs die dam deur Mariaan Coetzee.

# SO STAAN COVID NOU



Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 12 Januarie 2022 en dui aan Ngwatho het 6145 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron nou op 1427 staan. Daar is 80 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp sedert 9 Desember 2021 met vorige berig deur Heilbron Herald. Teen 10 Januarie is daar 151 599 mense in die Fezile Dabi Distrik ten volle ingeënt.

Almal bo die ouderdom van 12 jaar

kan die Covid-19-inenting kry. "Booster Shots" is nou beskikbaar vir diegene bo die ouderdom van 18 jaar. J&J word toegedien 60+ dae die eerste dosis en Pfizer 180+ dae na die tweede dosis. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08:00-16:00. Die digitale inentingssertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na <https://vaccine.certificate.health.gov.za/> om vandag joune af te laai.

## GiG

Technologies (Pty) Ltd

Contact us for a free Quotation

Church street 44

Adriaan- 072 840 4495  
info@gigtechnologies.co.za



New!!  
AJAX Wireless  
Smart Home Security Systems

# VERDAGTES VAS VIR MOORD OP HEILBRON-BOER

Vier verdagtes is einde Desember in verband met die moord op Petrus Steyn wat in die Heilbron-distrik geboer het, in hegtenis geneem. Twee van die verdagtes het glo op die plaas gewoon en gewerk. 'n Borgaansoek is Woensdag in die hof ingedien en lede van die gemeenskap, insluitend Heilbron Plaaswag, het die hofszaak bygewoon om borg te opponeer.



Heidelberg verhuis. Steyn het kopbeserings opgedoen wat deur 'n skerp voorwerp veroorsaak is. Sy rewolwer is vermoedelik ook uit sy besit gesteel. Brig. Motantsi Makhele, polisiewoordvoerder, het bevestig dat die verdagtes – drie mans en 'n vrou (onderskeidelik 27, 33, 51 en 48) – deur lede van die polisie en Valke in hegtenis geneem is. Die vrou en

51 jarige man was dié wat glo op die plaas gewoon en werk het, terwyl die ander in Frankfort woon. Die borgaansoek is nie Woensdag afgehandel nie en duur dit vandag voort. Foto erkenning: LinkedIn

Heilbron Herald het op 8 Oktober 2021 berig dat die liggaam van Petrus Steyn (53) op 30 September 2021 deur een van sy werkers gekry is naby 'n pakkamer op die plaas Holfontein tussen Heilbron en Frankfort. Die familie sou binnekort na

**Pharmacy & Clinic**  
**PLATTELAND**

Organics 1L Selected **R69<sup>99</sup>**  
 R59<sup>99</sup>

CNT 60 Capsules Vitamin C with Selenium & Zinc **R79<sup>99</sup>**  
 R69<sup>99</sup>

063 721 4950 | 087 527 0723  
 pateland@pateland.co.za  
 17 Westbank Street, Westbank Square, Heilbron

**IN MEMORIAM**  
*Johan van der Merwe*

\* 06.03.1945  
 † 22.12.21

Ons neem afskeid van 'n bekende en geliefde persoon. Sy heengaan laat 'n groot leemte in die gemeenskap van Heilbron. Dit was sy wens dat 'n stil verassing sou plaasvind en waaraan voldoen is. Baie dankie aan Dr's Gani en Van Stryp vir julle bystand en die hulp van SAFRA. Rus in vrede by die voete van Jesus tot ons weer ontmoet.

**ESTHÈ MULLER INC**  
 ATTORNEYS | PROKUREURS | BABUELLI

**We are opening a branch office in Heilbron!**

Contact us for professional, reliable and effective service in the following fields:

- Contracts
- Transfer of Property
- Registration of Companies
- Wills, Estates and Trusts
- Divorces
- Collections
- Correspondent work
- Civil Litigation

Kontak ons vir professionele, betroubare en effektiewe diens met betrekking tot die volgende:

- Kontrakte
- Oordrag van Eiendomme
- Registrasie van Maatskappye
- Testamente, Boedels en Trusts
- Egskeidings
- Invorderings
- Korrespondente werk
- Siviele Litigasie

Contact us on:  
 083 267 9559 / 058 852 2041  
 Email: [pieter@esthemuller.co.za](mailto:pieter@esthemuller.co.za) / [esthe@esthemuller.co.za](mailto:esthe@esthemuller.co.za)  
 Adress: 47 Els Street, Heilbron

**Telkom Easy Connect Fibre – affordable internet for your home.**

Introducing a NEW fibre solution that opens a world of monate in your home from just **R299pm.**

**Stable and uncapped 10Mbps/5Mbps fibre.**

**No router required.**

**Affordable month-to-month contract.**

Ungaphoswa, get **Telkom Easy Connect Fibre** for your home.  
 Call 10213 | Click [telkom.co.za](http://telkom.co.za) | Go to any Telkom shop

T&C apply. E&OE

**Telkom**



Address: 1201 Stron, Heilbron, 9450 | Postal: P.O. Box 294, Heilbron, 9450  
Tel: 058 8522742 | Fax: 058 8523700

**WERKSGELEENTHEID 1  
DEBITEUR BESTUURDER**

Binne Telwiedre Voere is daar 'n vakature vir bogenoemde uitdagende pos.

**VEREISTES & KWALIFIKASIE:**

- \* B.Com.Rek. graad
- \* 3 - 5 jaar ondervinding in debiteurs bestuur en rekening invordering
- \* Ondervinding in fakturering/kredietnotas
- \* Gevorderde rekenaarvaardighede
- \* Finansiële instig
- \* Ingestel op detail
- \* Vermoë om verskeie taks geflytdig uit te voer
- \* Vermoë om onder druk te funksioneer
- \* Nougevoel, deeglik, verantwoordelik en akkuraat
- \* Spanspeler
- \* Afrikaans sprekend
- \* Pastel & Excel Ondervinding
- \* Klant gedrewe en bereidwillig om die ekstra myl te stap

**VERANTWOORDELIKHEDE:**

- (1) Algehele debiteurs bestuur en invordering
- (2) Debiteurs samelings, verskeuring en nazette
- (3) Stelsel ontwikkeling en administrasie
- (4) Finansiële bestuur en begroting
- (5) Stipetlike verslagdoening aan bestuur

**WERKSGELEENTHEID 2  
VOORRAAD KLERK**

Binne Telwiedre Voere is daar 'n vakature vir bogenoemde uitdagende pos.

**VEREISTES & KWALIFIKASIE:**

- \* Minimum kwalifikasie van graad 12
- \* Begrip van basiese boekhouding en rekeningkundige beginsels
- \* Bevoegde, stippelek en inpul
- \* Goede analitiese vaardighede
- \* Netjies professioneel en vriendelik
- \* Konsistensie en pliggetrou
- \* Goede mensverhoudings
- \* Deeglik, verantwoordelik en akkuraat
- \* Gevorderde rekenaarvaardighede (Excel & Pastel)
- \* Ouder druk kan werk

**VERANTWOORDELIKHEDE:**

- (1) Daaglikse verslagdoening van dats op voorraad stelsel
- (2) Berekening en aanvaarding van voorsaatwysings
- (3) Daaglikse verslagdoening aan kassier rekenmeester
- (4) Voorraadstellings & Toetselings
- (5) Erige ander taks soos deur die direkte hoof opgedra

**SLUITINGSdatum:** 21 Januarie 2022

**BELANGSTELLENDES:**

Epos u skriftelike CV/aansoek aan [admin@telwiedre.co.za](mailto:admin@telwiedre.co.za) by Telwiedre Voere, Bothastraat 6, Heilbron (Slegs aansoeke per epos word oorweeg)



Wet Reg. No. 1997/013/45/07 - BTW No. 4380/11915

**POSTNET HEILBRON**

**BESIGHEIDSURE:**

Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdag: 09:00 -12:00  
Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

**POSTNET HEILBRON**

**CRIMINAL RECORD CHECKS**

**NOW AVAILABLE AT  
POSTNET HEILBRON**

• STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00

• PREMIUM - 5 HOURS – R255.00

• PRIORITY - 2 HOURS – R395.00



Please enquire in store for more information.  
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.



42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9450  
Tel: 058 853 0006

Email: [heilbron@postnet.co.za](mailto:heilbron@postnet.co.za) • Website: <https://heilbron.postnet.co.za>

*Uit die pen:*



**WEEK 2  
VAN 2022**

Iewers in verlede jaar het ek begin om te vertel van my skoolhouwervaringe. Daar lê nog 'n paar stories wat wag om vertel te word.

Daar was Tannie Sarie en haar man, oom Sarie. Want ek kan nie meer haar man se naam onthou nie.

Oom Sarie was blykbaar 'n befame skoolhoof. Alom bekend. Wyd gerespekteer. Ek kon nooit kleinkry hoe hy 'n skoolhoof kon wees nie, hy was 'n ou klein, beteuterde mannetjie wat nie sy eie besluite kon neem nie. Tannie Sarie het alles namens hom besluit. Dalk was dit die rede vir sy meteoriese opgang. Tannie Sarie was loud en dominerend.

Tannie Sarie en Oom Sarie (daar is dus 'n rede waarom ek eerste haar naam noem: raai wie het die broek gedra? Of dalk nie gedra nie, soos julle later sal agterkom.)

Die twee Saries se dogter het 'n ryk boer aangetree. Een van hulle plase het 'n indrukwekkende huis gehad wat dieselfde gesin al jare lank gehuur het. Toe die twee Saries afree, het die gesin 'n paar dae kennis gekry om te trek. Die Saries het onaangekondig met hulle meubellorrie aangekom. Hulle het buite gewag totdat die huurders hulle laaste plastiekbakkie ingepak en vertrek het.

Die Saries het gearriveer. Met al hulle kennis en inisiatief wat hulle dadelik wou aanwend. Oom Sarie is dadelik Kerkraad toe en tannie Sarie word deel van die sustersvereniging.

Tannie Sarie kom meld ook by die skool aan en stel haarself bekend as 'n fundi op bykans alle vakke (behalwe wetenskap). Sy is bereid om te kom aflos en uithelp, sou die skool dit nodig hê. O, ja, en Oom Sarie sal ook nie omgee om af en toe as skoolhoof te kom aflos nie. Hy kan ook bystaan met raad, aangesien hy baie ondervinding het. (Die Meneer wat die skoolhoof was, was in daardie jare alreeds langer as 'n dosyn jaar skoolhoof).

Tannie Sarie kom toe aflos. Sy tree 'n pragtige bruinoogdogtertjie aan: Weet haar ma dat haar naam verkeerd gespeld is? Daar moes nog 'n "l" en 'n "e" in haar naam gewees het. Hoe kon hulle haar so verkeerd geregistreer het? Was haar ma en pa dan nog nooit in die skool nie?

Die arme Anél het nie geweet wat om te sê nie. Wat weet 'n graad 5-dogtertjie nou oor die handvol spellings vir haar naam?

Tannie Sarie het ook sommer die onderwyser se leerprogram verander terwyl sy afgelos het, want "hierdie onderwysers weet mos deesdae niks". Min wetend dat die sillabus verander het.

Nodeloos om te sê: Tannie Sarie het nie weer kom aflos nie.

Tannie Sarie wend haar toe maar na die kerk. Sy het 'n welluidende stem gehad, lief daarvoor om te sing (nie almal se smaak nie) en wou altyd iets dramaties voorlees. Sy het gewoonlik 'n paar koorlede gesoek wat sy soos 'n marionet kon dirigeer. Daar was bitter min wie saam met haar wou sing, want sy het 'n lae manier gehad om jou sò uit te vreet dat jy eers die volgende dag sleg voel. 'n Oproep vanaf haar het dus as volg geklink:

Tannie Sarie: Hallo my liefkind! (Wie is "liefkind" anyway?)

Ek: Hallo tannie.

Tannie Sarie: Ag, my ou liefkind (daar is daai woord al weer!), tannie het jou engelstemmetjie nodig. (Dis nie wat jy laaskeer vir my gesê het nie.)

Ek: Waarvoor, tannie?

Tannie Sarie: Sommer vir oormore se funksie. Kom vanaand, moreoggend en moreaand na die oefening toe. Jy is mos slim (dis ook nie wat jy my vorige keer wysgemaak het nie) en jy sal vinnig jou partisie geleer kry. Sien jou vanaand om 7 by die kerksaal. Ta-taaa!

Ek: Tannie, ek... Hallo? Hallo?

Sy het dan neergesit voordat ek kon jay of nay sê.

Tannie Sarie het een jaar, toe ons gemeente hul verjaarsdag gevier het, 'n bekende lied geneem en ander lirieke daarvoor geskryf. Dit was 'n geheim, en ons sou die lied die eerste keer tydens die erediens op daardie dag saamsing. Sy het ons in stemme laat oefen deur net die wysie te neurie. Op die Groot Dag sou ons die woorde mog byvoeg.

Op die Groot Dag kondig die dominee af dat ons nou Die Lied gaan sing. Die gemeente, volgepak, spring op toe die orrel begin speel, en ons begin met Die Lied. Uit volle bors.

Teen die derde versreël begin ons een na die ander moed opgee: die woorde pas net eenvoudig nie in die wysie in nie. Die orreliste hou ook op speel, en sê: "Sarie, hierdie werk nie."

Dis die eerste keer dat ek tannie Sarie verleë gesien het. Die les wat geleer is? Oefen iets vooraf. Impromptu werk slegs as jy 'n geleerde en gevierde akteur is. Punt.

Gelukkig het die Saries ook toe uiteindelik by 'n aftreeoord ingetrek. Ek het jare later hulle splinternuwe skoonogter ontmoet. Sy en boetie Sarie was so ses maande getroud, en duidelik nog dolverlief.

'n Jaar daarna is die huwelik verby. Natuurlik het die Saries uitgewei oor die slegte skoonogter, maar so het die skoonogter lekker in haar moed gelag.

Oom Sarie, die skoolhoof, is blykbaar gevra om te bedank, want dit sou hulle die vernedering spaar. Tannie Sarie is ook onder 'n donkerige wolk weg uit hulle skoolgemeenskap.

Die skoonogter het vertel dat sy nie meer met oom en tannie Sarie se ekhisionisme kon saamleef nie. Wanneer hulle gaan kuier, waai die klere. Wanneer hulle vakansie gaan hou, word die nudistoorde gekies. En skoonogter was nie baie geneë daarmee nie.

Ek het diepe binnepret beleef: die waardige oud-skoolhoof wat so gerespekteer was en die tannie wat so goed kon organiseer en kore kon afrig loop kaal! Hoe sou ek ooit weer saam met hulle kon sing sonder om hulle gekreukelde kaal lywe in my geestesoog te sien.

Winston Churchill het blykbaar van sy vrees om voor 'n gehoor te praai onslae geraak deur presies dit te doen: verbeel jou dat die eerste ry mense kaal is.

Ek wonder steeds wie die broek gedra het?

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **HENDRINA STADLER**, Identiteitsnommer 361105 0017 087, weduwee, wie woonagtig was te Bron-van-Heil, Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 17 Julie 2021, **boedelnommer 008844/2021**.  
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.  
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF BREËSTRAAT 33**  
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**  
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **JOHAN HENDRIK ERNST STADLER**, Identiteitsnommer 310805 5016 081, wat getroud was, wie woonagtig was te Huis Sorgvry, Reitz, Vrystaat, wie oorlede is op 7 Junie 2021, **boedelnommer 009685/2021**.  
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.  
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF BREËSTRAAT 33**  
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**  
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **JOHANNES LENARD CORNELIS JOHNSON**, Identiteitsnommer 320601 5022 080, wat getroud was en woonagtig was te Breëstraat 106, Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 21 September 2021 en **boedelnommer 010053/2021**.  
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.  
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF BREËSTRAAT 33**  
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**  
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

# SUDUKU

5	3		7					
6			1	9	5			
	9	8					6	
8			6					3
4		8		3				1
7			2					6
	6				2	8		
			4	1	9			5
				8			7	9

	7		6					9
6			5					8
		4				7		
	3			6				
2			5					8
			4				1	
		3				4		
	2				7			3
1				8				2

7				7	5			
5			1			2		4
		1	3	9				8
3			7	8	6			4
8				4	1	7		
	8							9
	5				3			1
		4	6					

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

# DIENSTE SMALLS



**Andries Muller**  
072 447 7446  
Vrystraat 23,  
Heilbron  
Ou Heilbron  
Betonwerke se gebou

**MILLING • KEYWAYS  
ALGEMENE DRAAIWERK  
MEGANIESE  
HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL**  
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.  
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191  
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**  
Vir sny-, hark- en baalwerk.  
Kontak Evert Kleynhans  
072 018 3685 Heilbron

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-  
KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.  
Hannalie Claassen 079 040 0531

*Winkelure*

**MAANDAE - DONDERDAE**  
07:30 - 17:00  
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30  
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00  
Elsstraat 44 • Heilbron  
Tel: 058 852 3033



# EIENDOMME

**VAN DER MERWE &  
VENNOTE EIENDOMME**

Vir die beste transaksies en diens

Elstr. 47 HEILBRON  
Tel: 058 852 2041  
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elstraat 44, Posbus 166, Heilbron  
Tel: (058) 852 3033/4/5  
Faks: (058) 853 0140  
www.heilbronherald.co.za  
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

**POSTNET HEILBRON**

**BESIGHEIDSURE**  
Maandae - Vrydae:  
08:00 - 16:30  
Saterdag:  
09:00 - 12:00

Elstraat 42, HEILBRON  
Tel: 058 853 0006

Corporate & Commercial Engagement & Wedding Kiddies parties Matric Farewell Individual & Family Maternity & Newborn

**MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY**

072 180 4113  
marilize@mcreativestudio.co.za

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**  
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!




11 Heilbronstraat 97, Frankfort, 9630  
Tel: 052 589 7205  
Kantoor: 052 513 1047

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer*.  
Tel: 058 852 3033

**SCHOOL TERMS 2022**

School open 12.1.2022 • School close 17.3.2022  
School open 5.4.2022 • School close 24.4.2022  
School open 19.7.2022 • School close 30.9.2022  
School open 11.10.2022 • School close 14.12.2022

**PLOEG SEMOER**

Egte LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567  
JEANNE | 076 813 2751  
www.ploegsemoer.com



**Heilbron Herald**

YOUR PRINTING PARTNER

058 852 3033  
44 ELSTREET  
HEILBRON  
9650

**FULL CATALOGUE AVAILABLE**

Elstraat 44 • Heilbron | Tel: 058 852 3033



**BIBLIOTEEK OOP**  
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:  
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

*Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.*

**OVERNIGHT COURIER**

heilbron@postnet.co.za • 058 853 0006 • 054 988 6078 TO ALL MAIN CENTRES

**POSTNET HEILBRON**



# KRY DAAI LYF REG VIR GHOLF

Dis nou die tyd om al daai koutjies van Desember te kom verbrand op die baan, maar bring vir jou ook 'n botteltjie "peacefull play" saam vir die muskiete. Die baan en setperke is op kompetisie standaard en van die besoekers beweer dat die setperke beter is as die groot bane van die Vaaldriehoek.

Môre skop die amptelike dae af met betrekking tot die HBA maandbeker en op 29 Januarie word die eerste liga byeenkoms

op Senekal aangebied wat ook nou in die A afdeling speel. Ledegelde is betaalbaar voor einde Februarie en word daar 'n Adam en Eva dag beplan vir die einde van liefdesmaand.

Môre is die inskrywings vanaf 10:30 vir afslaan 11:00.



**Pharmacy & Clinic**

**PLATTELAND**

**Citro-Soda 60g R49.95**

**Natura Rinscuw 150 Tablets R99.95**

**Bio-Strath 100 Tablets R199.95**

**Bio-Strath 100ml Syrup R89.95**

**R179.95**

065 771 4950 087 527 0723  
 (E) platte@bkb.co.za  
 47 Westwold Street, Westwold, Swellendam

JAARPROGRAM : 2022 RIEMLAND JAGTERSVERENIGING		
DATUM	BESONDERHEDE	TYD
5 FEBRUARIE	PRETSKIET	09:00
12 FEBRUARIE	UK VERGADERING BLOEMFONTEIN	
19 FEBRUARIE	.22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET	10:00
5 MAART	SKIETOEFENING	09:00
12 MAART	.22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET	10:00
09 APRIL	RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET	09:00
23 APRIL	INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN	
7 MEI	UK VERGADERING BLOEMFONTEIN	
21 MEI	CHASA KWALIFISERING / VERBETERING	09:00
4 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET	10:00
09 JULIE	LANGAFSTANDSKIET	09:00
13 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET	10:00
20 AUGUSTUS	UK VERGADERING BLOEMFONTEIN	
03 SEPTEMBER	JFLIGSKIFDAG	09:00
08 OKTOBER	GROEPERING SKIET / TROFEE MEET	09:00
15 OKTOBER	ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN	
04 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
21 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2023 MOET NOU BETAAL WORD	

**VAKATURE: ONTVANGS / ADMINISTRATIEWE KLERK**

**Minimum Vaardighede/Vereistes:**

- Sterk administratiewe- en organiseringvaardighede
- Uitstekende telefoon etiket
- Sterk geskrewe & verbale kommunikasie vaardighede
- Sterk rekensaar geletterdheid (MS Microsoft)
- Goeie kennis van algemene administratiewe prosesse
- Kliënte tevredenheid geïnteresseerd
- Stiptelik, nougeset en presies in werksomgewing

**Kern verantwoordelikhede:**

- Effektiewe sekretariële dienste
- Algemene administratiewe dienste

Aansoeke sluit 24 Januarie 2022

Adres: Breestraat 33, Heilbronn, 9650  
 CV: jurie@jgpostpieter.co.za

**WISSENTRIL**

**DIE BESTE BOD**

**BESTUURDER**

**P.J. Müller**  
060 966 9340

**AFSLAER**

**Ian Grobbelaar**  
060 965 6207

Frankfort/Roadside/Cornelia

**Corjan de Jager**  
079 506 8777

Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside

**Fanie vd Merwe**  
082 494 3127

Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort

**David Gerber**  
082 489 7424

Villiers/Cornelia/GrootMei

**Fanie vd Merwe (Junior)**  
061 180 6802

Villiers/Cornelia/GrootMei

**Pula Gillomee**  
082 788 5338

Heilbronn/Edenville/Oranjeville

**Hugo Groenewald**  
082 569 7205

JJ HADEBESTRAAT 97  
FRANKFORT  
(Langs Bright Dienste)

**BKB Louwid**

Die komende week se **BELANGRIKSTE** veilings

**MAANDAG - 17 JANUARIE 2022**

BULTFONTEIN Vetvee veiling  
 Kontak Louwtjie Bezuidenhout  
 082 827 7443

**DINSDAG - 18 JANUARIE 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling  
 Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling  
 Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

BAPSFONTEIN: KOOS OPPERMAN  
 260 Beeste  
 11:00, Witpoort, Bapsfontein  
 Kontak Erik Heymans 083 264 5177

**WOENSDAG - 19 JANUARIE 2022**

SASOLBURG: CJR BOERDERY  
 180 Beeste  
 11:00, plaas Alfresco, Sasolburg  
 Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

**DONDERDAG - 20 JANUARIE 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling  
 Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Weeklikse veiling  
 Kontak Schaik Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling  
 Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

**VRYDAG - 21 JANUARIE 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling  
 Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling  
 Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling  
 Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**BKB LOUWID**

www.bkb.co.za  
 BKB Louwid 2005/026173/07  
 Posbus 220, Frankfort, 9830  
 Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317  
 e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za